Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2022**

MARK SCHEME

Maximum Mark: 70

**Published**

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes should be read in conjunction with the question paper and the Principal Examiner Report for Teachers.

Cambridge International will not enter into discussions about these mark schemes.

Cambridge International is publishing the mark schemes for the October/November 2022 series for most Cambridge IGCSE™, Cambridge International A and AS Level components and some Cambridge O Level components.

This document consists of **10** printed pages.

© UCLES 2022

## Generic Marking Principles

These general marking principles must be applied by all examiners when marking candidate answers. They should be applied alongside the specific content of the mark scheme or generic level descriptors for a question. Each question paper and mark scheme will also comply with these marking principles.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 1:

Marks must be awarded in line with:

- the specific content of the mark scheme or the generic level descriptors for the question
- the specific skills defined in the mark scheme or in the generic level descriptors for the question
- the standard of response required by a candidate as exemplified by the standardisation scripts.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 2:

Marks awarded are always **whole marks** (not half marks, or other fractions).

GENERIC MARKING PRINCIPLE 3:

Marks must be awarded **positively**:

- marks are awarded for correct/valid answers, as defined in the mark scheme. However, credit is given for valid answers which go beyond the scope of the syllabus and mark scheme, referring to your Team Leader as appropriate
- marks are awarded when candidates clearly demonstrate what they know and can do
- marks are not deducted for errors
- marks are not deducted for omissions
- answers should only be judged on the quality of spelling, punctuation and grammar when these features are specifically assessed by the question as indicated by the mark scheme. The meaning, however, should be unambiguous.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 4:

Rules must be applied consistently, e.g. in situations where candidates have not followed instructions or in the application of generic level descriptors.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 5:

Marks should be awarded using the full range of marks defined in the mark scheme for the question (however; the use of the full mark range may be limited according to the quality of the candidate responses seen).

GENERIC MARKING PRINCIPLE 6:

Marks awarded are based solely on the requirements as defined in the mark scheme. Marks should not be awarded with grade thresholds or grade descriptors in mind.

© UCLES 2022

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 1** | | |
| 1 | Partytjie [gehou] | **1** |
| 2 | Albei het ’n geheim. | **1** |
| 3 | Albei het ’n prys gewen / tweede in ’n [jeugroman]kompetisie gekom. | **1** |
| 4(i) | meisie | **1** |
| 4(ii) | seuns | **1** |
| 5 | bang / lus vir nog [stories] | **1** |
| 6(i) | 30 / baie / verskillende stories | **1** |
| 6(ii) | een verhaal / storie | **1** |

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 2** | | |
| 7(i) | Hoërskool Berghoek | **1** |
| 7(ii) | 8 Augustus 2006 | **1** |
| 7(iii) | Hoofstraat 13 | **1** |
| 7(iv) | Sporttoerusting | **1** |
| 7(v) | Kos vir duiwe / Duiwekos | **1** |
| 7(vi) | Skoene | **1** |
| 7(vii) | [Ek] wil skoene [self] aanpas. | **1** |
| 7(viii) | Hulle lewer produkte gouer af [as oorsese winkels]. ✓<br>Hulle is goedkoper [as oorsese winkels]. ✓ | **2** |

© UCLES 2022 

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 3** | | |
| 8 | [beroemde] kunstenaars ✓<br>[Amerikaanse] presidente ✓ | **2** |
| 9 | • Kitaarspelers kan langs mekaar / by een mikrofoon staan en speel. ✓<br>• Dwing by krieket dat opponente veldposisies omruil. ✓<br>• In tennis is regshandige pare nie gewoond aan opponente wat andersom speel nie / daar ’n verrassingselement. ✓ | **3** |
| 10 | Enige drie van die volgende:<br>• Om toerusting wat vir regshandiges gemaak is te gebruik [soos ’n skêr, blikoopmaker, ritssluiter]. ✓<br>• Om netjies te skryf. ✓<br>• Dat jy handkrampe kry. ✓<br>• Om in ’n skryfboek met ’n metaalspiraal in die middel te skryf. ✓<br>• Jy kan nie vinnig genoeg in eksamens skryf nie / Om vinnig genoeg in eksamens te skryf. ✓<br>• Jou arm stamp teen die persoon langs jou. ✓ | **3** |

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 4** | | |
| 11 | Hierdie oefening word hoofsaaklik vir taal, nie inhoud nie, nagesien. As die inhoud egter totaal irrelevant tot die taak is, word ’n nulpunt toegeken.<br><br>Kandidate word nie geëvalueer vir enigiets wat hulle na die perk van 80 woorde skryf nie, maar word nie *per se* gepenaliseer as hulle dit oorskry nie. | |
| | 0 – betekenis obskuur weens digtheid van taalprobleme en ernstige probleme met uitdrukking / niks relevant nie<br>1 – uitdrukking swak / maak staat daarop om uit die teks te lig<br>2 – uitdrukking beperk / maak staat om notas te kopieer, maar ’n mate van ’n gevoel vir volgorde<br>3 – uitdrukking goed, met pogings om idees in eie woorde te groepeer en te orden<br>4 – uitdrukking baie goed: duidelike, geordende groepering en ordening; hoofsaaklik eie woorde<br>5 – uitdrukking uitstekend: duidelik, geordende groepering en ordening, bykans heeltemal in eie woorde geskryf | |
| | *Ongeveer vyf van die volgende feite kan in een paragraaf van hoogstens 80 woorde genoem word:* | |
| | **Let Wel:** Kandidate moet voordele (2) en nadele (2) noem.<br>**Voordele:**<br>• ’n Links-regs-kombinasie van kitaarspelers kan nader aan mekaar staan. ✓<br>• Veldwerkers in krieket moet posisies omruil (vir ’n linkshandige kolwer). ✓<br>• Linkshandige sportspelers tree minder voorspelbaar op / verras opponente. ✓<br>• In sokker is ’n doelwagter onseker / weet nie wie met watter voet gaan skop nie. ✓<br>• Reghandige tennisspelers is nie gewoond aan ’n opponent wat andersom as gewoonlik speel nie. ✓<br>• Linkshandiges kan ’n sleutelbord doeltreffender gebruik. ✓<br>• Linkshandiges kry erkenning/ondersteuning/begrip van ander linkshandiges. ✓<br>**Nadele:**<br>• Linkshandiges is voorheen as [’n bietjie] vreemd beskou. ✓<br>• Linkshandiges is in die verlede gedwing om regs te skryf. ✓<br>• Linkshandiges sukkel met toerusting wat vir regshandiges gemaak is (soos ’n skêr, blikoopmaker, ritssluiter). ✓<br>• Hulle sukkel om in ’n skryfboek met ’n metaalspiraal in die middel te skryf. ✓<br>• Hulle skryf slordig. ✓<br>• Hulle skryfhand kry krampe as hulle baie moet skryf. ✓<br>• Hulle skryf stadiger / sukkel om eksamenvraestelle betyds klaar te kry.✓ | **5** |

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 5** | | |
| 12 | ’n Brief van 150 tot 200 woorde oor jou skool aan jou niggie/neef wat volgende jaar na jou skool kom.<br>Die volgende moet bespreek word:<br>• die kulturele aktiwiteite by jou skool<br>• die sportsoorte wat jou skool aanbied<br>• die redes waarom jy glo jou neef / niggie gelukkig in jou skool gaan wees.<br><br>Gee tot 8 punte vir inhoud en tot 7 punte vir styl en akkuraatheid van taalgebruik.<br>Sien die aantekeninge en nasienskema ná Oefening 7. | **15** |

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 6** | | |
| 13 | Hulle moes vertel / verduidelik hoe hulle die omgewing kan help / of hulle geskik was vir die ekspedisie. | **1** |
| 14 | Dit laat die temperatuur van 0 °C tot –15 °C / [drasties] daal. | **1** |
| 15 | Dit het nie een keer gesneeu terwyl hulle daar was nie. | **1** |
| 16 | Die veld kan nie groei nie [omdat dit minder reën]. ✓<br>Daar is dus nie genoeg kos vir die skape nie. ✓ | **2** |
| 17 | Hulle moet aandring dat almal ophou plastiek gebruik / Hulle moet almal aanmoedig om op te hou plastiek gebruik. ✓<br>Hulle moet self iets doen en die strande skoonmaak. ✓ | **2** |
| 18 | Sy voel [ook] passievol oor die omgewing / is baie omgewingsbewus. | **1** |
| 19 | Sy het in Antarktika buite / op die ys / tussen die ysberge viool gespeel. | **1** |
| 20 | Hulle kan eie ervaring / eerstehandse kennis gebruik om ander te motiveer/inspireer.<br>*Of:*<br>Hulle kan eie ervaring / eerstehandse kennis gebruik om ander te vertel wat met die planeet gebeur. | **1** |

© UCLES 2022

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| **Oefening 7** | | |
| 21 | ’n Artikel van 200 tot 250 woorde vir die skoolkoerant oor die verkoop van slegs gesonde eet- en drinkgoed in die skool se kafeteria/snoepwinkel.<br><br>Kan gegewe idees gebruik, maar moet ook eie gemotiveerde idees byvoeg.<br><br>Gee tot 8 punte vir inhoud en tot 7 punte vir styl en akkuraatheid van taalgebruik.<br><br>Sien die aantekeninge en nasienskema (aan die einde van die nasienskema). | **15** |

© UCLES 2022

**Die volgende algemene instruksies en tabel met nasienkriteria geld vir Oefening 5 en Oefening 7**

- Ken aan die antwoord ’n punt (uit agt) vir **inhoud** (I) en ’n punt (uit 7) vir **taal** (T) toe volgens die tabel met algemene kriteria wat volg. Skryf ***I*** en die punt + ***T*** en die punt = omkringde totaal (uit 15) neer.

- **Inhoud** dek ***relevansie*** (d.w.s. of die stuk aan die taak voldoen en die bewustheid van doel/teikengehoor/register) en die ***ontwikkeling van idees*** (d.w.s. die besonderhede/verduideliking wat verskaf word en hoe genotvol dit is om te lees).

- **Taal** dek ***styl*** (d.w.s. kompleksiteit van woordeskat en sinstruktuur) en ***akkuraatheid*** (van grammatika, spelling, punktuasie en gebruik van paragrawe).

- Wanneer daar op ’n punt vir **inhoud of taal** besluit word, moet daar eers besluit word watter puntekategorie die toepaslikste is. Besluit dan tussen die twee punte in daardie kategorie.

- Wanneer daar op ’n punt vir **inhoud** besluit word, moet daar na sowel ***relevansie*** as ***ontwikkeling van idees*** gekyk word. Besluit eers of die skryfstuk aan die taak voldoen, in terme van inhoud gedek en lengte. Indien wel, sal dit in een van die boonste drie kategorieë val. Wanneer daar op ’n punt vir **taal** besluit word, moet daar na sowel die ***styl*** as die ***akkuraatheid*** van die taalgebruik gekyk word. ’n Nuttige beginpunt is om eers te besluit of foute lastig is. Indien nie, sal dit in een van die boonste drie kategorieë val. Die **gebruik van paragrawe** behoort nie die primêre grondslag te wees om te besluit in watter puntekategorie die skryfstuk val nie. Kyk eers na die taalgebruik en wanneer daar op die gepaste kategorie besluit is, kan die paragrafering as ’n faktor gebruik word om te bepaal of die skryfstuk die boonste of die onderste punt in die kategorie verdien.

- Indien die skryfstuk aansienlik **minder as die vereiste woordlengte** is, moet dit in die puntekategorie 2–3 vir inhoud of laer geplaas word omdat dit nie aan die taak voldoen nie.

- Indien die skryfstuk **heeltemal irrelevant** is en niks met die opdrag te doen het nie, moet dit 0 punte vir Inhoud en Taal toegeken word.

- Indien die skryfstuk **gedeeltelik relevant** en dus in die puntekategorie 2–3 is, is die volle omvang punte vir Taal beskikbaar.

© UCLES 2022

**Algemene kriteria vir die nasien van Oefening 5 en 7**

| **Punte-kate-gorie** | **INHOUD: relevansie en ontwikkeling van idees** (AO: W1, W2) | **Punte-kate-gorie** | **TAAL: styl en akkuraatheid** (AO: W1, W3, W4, W5 – Oefening 5) (AO: W1, W3, W4, W5, W6 – Oefening 7) |
|---|---|---|---|
| **8** | **Hoogs doeltreffend**<br><br>• ***Relevansie:*** Voldoen aan die taak, met deurgaans gepaste register en uitstekende aanvoeling vir doel en teikengehoor.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Toon onafhanklike denke. Idees goed ontwikkel, die gepaste lengte en oorredend. Gehalte word deurgaans volgehou. Genotvol om te lees. Die leser se belangstelling word gewek en behou. | **7** | **Vlot**<br><br>• ***Styl:*** Byna eerste taal-bevoegdheid. Vloeiende styl. Selfversekerde en uitgebreide gebruik van taal, idioom en tye.<br>• ***Akkuraatheid:*** Geen foute nie of baie min. Goed gekonstrueerde paragrawe wat aaneenskakel. |
| **6–7** | **Doeltreffend**<br><br>• ***Relevansie:*** Voldoen aan die taak, met gepaste register en ’n goeie aanvoeling vir doel en teikengehoor.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Idees goed ontwikkel en ’n gepaste lengte. Prikkel die leser se belangstelling. | **6** | **Presies**<br><br>• ***Styl:*** Sinne toon verskeidenheid van strukture en lengte. ’n Mate van styl en uitdrukking. Gebruik idiome en gebruik woordeskat presies. Daar kan egter onbeholpe styl wees wat lees minder genotvol maak.<br>• ***Akkuraatheid:*** Hoofsaaklik akkuraat, maar sporadiese frustrerende foutjies. Daar is paragrawe wat ’n mate van eenheid toon, alhoewel skakels afwesig of onvanpas kan wees. |
| **4–5** | **Bevredigend**<br><br>• ***Relevansie:*** Voldoen aan die taak, met ’n redelike poging om die gepaste register te gebruik, en ’n mate van ’n aanvoeling vir doel en teikengehoor. ’n Bevredigende poging is aangewend om die onderwerp te dek, maar daar kan afdwalings wees.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Materiaal is bevredigend ontwikkel en ’n gepaste lengte. | **4–5** | **Veilig**<br><br>• ***Styl:*** Hoofsaaklik eenvoudige strukture en woordeskat; wend soms ’n poging aan om meer gesofistikeerde taal te gebruik.<br>• ***Akkuraatheid:*** Betekenis is duidelik en werk is van ’n veilige, geletterde standaard. Eenvoudige strukture is meestal korrek, benewens seldsame spelfoute wat nie kommunikasie belemmer nie. Grammatikale foute kom voor wanneer groter sofistikasie probeer word. Paragrawe word gebruik, maar sonder samehang of eenheid. |

| **Punte-kate-gorie** | **INHOUD: relevansie en ontwikkeling van idees**<br>(AO: W1, W2) | **Punte-kate-gorie** | **TAAL: styl en akkuraatheid**<br>(AO: W1, W3, W4, W5 – Oefening 5)<br>(AO: W1, W3, W4, W5, W6 – Oefening 7) |
|---|---|---|---|
| **2–3** | **Gedeeltelik relevant**<br><br>• ***Relevansie:*** Gedeeltelik relevant en ’n mate van ’n poging is aangewend om oor die onderwerp te skryf. Voldoen nie heeltemal aan die taak nie, hoewel daar positiewe aspekte is. Onvanpaste register, met te min bewustheid van doel en/of teikengehoor.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Verskaf wel besonderhede en verduideliking, maar die effek is onvolledig. Herhaling kom voor. | **2–3** | **Foute maak inbreuk**<br><br>• ***Styl:*** Eenvoudige strukture en woordeskat.<br>• ***Akkuraatheid:*** Betekenis is soms onduidelik. Gereelde foute belemmer presisie en lees. Dit belemmer kommunikasie egter nie ernstig nie. Paragrawe afwesig of lukraak. |
| **0–1** | **Min relevansie**<br><br>• Wel beperkte hantering van onderwerp, maar dit word deur digtheid van foute verskuil. **Ken 1 punt toe**.<br>• Onderwerp word geensins gedek nie, of, indien wel tot ’n mate, digtheid van foute maak dit onmoontlik om raak te sien. **Ken 0 punte toe**. Indien die skryfstuk heeltemal irrelevant is, kan geen punt vir taalgebruik toegeken word nie. | **0–1** | **Moeilik om te verstaan**<br><br>• Deurgaans veelvoudige soorte foute in grammatika/spelling/woordgebruik/ punktuasie, wat dit grootliks moeilik verstaanbaar maak. Soms kan ’n mate van sinvolheid bespeur word. Paragrawe afwesig of lukraak. **Ken 1 punt toe**.<br>• Digtheid van foute verskuil betekenis. Hele gedeeltes onmoontlik om as Afrikaanse skryfwerk te herken. Paragrawe afwesig of lukraak. **Ken 0 punte toe**. |

© UCLES 2022